

**Die volgende is 'n Werkkaart soos voorsien deur die VAW.**

**Voltooи hierdie Werkkaart as 'n Hersieningsoefening vir Hoofstuk 3.**

**Opskrif: Hersieningsoefening 5**

### Eksponente

#### Werkkaart 1: Stel getalle in eksponensiële vorm voor

**Skryf die teorie oor in jou werkboek en voltooи die oefening wat volg.**

$a^b$  — Mag  
           \— Grondtal

- Word gelees as  $a$  tot die mag  $b$
- $A$ : Grondtal
- $B$ : eksponent/mag
- Die eksponent sê vir ons hoeveel keer die grondtal met homself vermenigvuldig moet word.
- $a^3 = a \times a \times a$

### Oefening:

- Identifiseer die grondtal en die eksponent:
  - $4^2$
  - $10^3$
  - $3^x$
- Sê of die volgende waar of vals is. Indien dit vals is, skryf dit op die korrekte wyse oor.
  - $6^3 = 6 \times 6 \times 6$
  - $9^9 = 9 \times 9$
  - $(-2)^4 = -16$
- Skryf die volgende in eksponensiële vorm:
  - $3 \times 3 \times 3 \times 3 \times 3 \times 3 \times 3$
  - $20 \times 20 \times 20 \times 20 \times 20 \times 20$
  - $5 \times 5 \times 5 \times 5 \times 2 \times 2 \times 2 \times 5 \times 2$
  - $1 \times 1 \times 1$
  - $4 \times 4 \times 4 \times 4 + 6 \times 6 \times 6 \times 6 \times 6$



4. Skryf die volgende getalle in eksponensiële vorm in uitgebreide vorm oor.

- a)  $7^2$     b)  $8^2$     c)  $25^4$   
d)  $12^4 + 6^4$     e)  $111^4 \times 4^4$